Nuusbrief 1/2018 15 Januarie 2018

Geagte ouers,

Die personeel het reeds vandag begin en ek kan u verseker dat daar 'n opwindende jaar voorlê.

Net 'n paar belangrike sake wat nou aandag moet geniet.

Gr 8 – 2018

Die Graad 8 leerders is reeds Dinsdag, 16 Januarie vanaf 8:00 tot 11:30 by die skool. Hulle woon die geleentheid by in hul spanbouhempie en denimbroek. Geen tasse of boeke word saamgebring nie. Hierdie is werklik net 'n geleentheid om die nuwe skoolomgewing beter te leer ken.

Skoolhoof

Aanstelling van die nuwe skoolhoof is nog nie afgehandel nie. Ons verwag om binne die volgende week 'n antwoord van die departement te ontvang.

Braaigeleentheid

Alle ouers, Gr 8 tot 12, en alle leerders word uitgenooi na die Bring-en-Braai geleentheid wat sal plaasvind op Dinsdag 16 Januarie 2016. Neem kennis dat dit die dag is voordat die skole begin. Die geleentheid begin om 18:00 en sal plaasvind by die busloods.

Die skool voorsien die vure en braaiers. Ouers moet asseblief hul eie stoele saambring. Kom ons begin 2018 op 'n vrolike noot. Ons wil graag ook ons nuwe ouers verwelkom.

Skoolopening

Die skool begin op Woensdag, 17 Januarie 2018, om 7:30 met 'n amptelike opening in die Doxa Deo kerk. Ouers is welkom om die geleentheid by te woon.

Klerebank

Tye vir die klerebank is as volg:

Dinsdag, 16 Januarie 2018 vanaf 11:00 tot 13:00

Woensdag en Donderdag, 17 en 18 Januarie 2018 vanaf 14:00 tot 14:30

Gr 8 hempie is ook gedurende skoolure by kantoor beskikbaar. (Net tot 19 Januarie 2018)

Skoolgelde

Leerders moet asseblief bewys van betaling van die R1400 saambring skool toe. Skool beskik ook oor die fasiliteit van 'n kaartmasjien indien u met 'n kaart wil betaal. Internetbetalings is ook meer as welkom.

Groete,

AA Myburgh

Skoolhoof (wnd)

2018/01/15